Solanum nigrum

E: Black or woody or garden or common or deadly **nightshade**, hound's berry, pretty morel, stubbleberry, inkberry
A: Nagskade, nagskaal, galbessie, nastergal D: falsche Blaubeere, Schwarzer Nachtschatten

Solanum nigrum struik kan nogal 'n onkruidpes raak

blare en blommetjies

Solanum nigrum of **nastergal** is onkruid, waardevolle medisinale plant, gifplat , **alles in een**. Dis familie van tamatie, russie en aartappel, almal nagskadu-gewasse. (Nagskadus word deur sommige mense as “bose plante” aangesien) Sy naaste verwandte familie is die baie giftige geel gifappel wat ons almal ken (Plantstorie Nr.41).

In die meeste blom- en/of groentetuine sal hierdie plant gelukkig voel en uitbrei. Dit is dikwels 'n lastige **onkruid**, maar kan maklik uitgetrek word, waar jy dit nie wil hê nie. Dit kom maklik uit die saadjies op, wat deur die voëltjies versprei word, of deur vruggies wat ryp word en oopbars.
Aalwurm teer baie graag op hierdie plant se wortels (moenie naby geelwortels plant nie!)

By die "muti-"markte in die RSA is hulle 'n sekere bestanddeel, aangesien die veelvoud van hulle gebruiksmoontlikhede onoortreflik is.

Gebruike:
Belangerik is om te weet, **watter plantdeel wanneer gebruik kan word.**

- Van **blare** kan 'n lekker spinasie gekook word, dis lekker, dis vol vitamiene C en die plant het genoegsaam blare, om 'n volle maaltyd te berei.
- Hierdie gekookte blare reinig die bloed en gee lewenskrag.
- Blaartee help teen koorstoestande, selfs stuiptrekkings a.g.v. koors (Fieberkrämpfe), malaria, hoofpyn, omgekrapte maag.
- Met koue blaartee kan wonde, (oop) veluitslag, krap- en bytmerke skoongewas word.
- Gekneusde vars blare op ambeie gesit kan groot verligting bring.
- Gedroogde en fyngedrukte blare is lekker in souse en vleisdisse.

blommetkies lyk van naby beskou baie mooi *Solanum nigrum bloeisels en baie ryp eetbare bessies* *klein ligte saadjies.....*

Die **ryp vruggies** is amper pikswart, daarvandaan die naam Solanum **nigrum**.
Hulle is goed eetbaar, geskik om rou te eet en/of verwerk tot konfyt (in Suidafrika bekend as MSOBA-konfyt). As kinders hierdie ryp bessies eet, is dit gesond (vitamiene C) en goed; **net die groen bessies is giftig** en moet nie geëet word nie!!!

- Ryp bessies in brandewyn geweek en dan vergruis maak 'n goeie gorrelmiddel teen seerkeel en verkoue-agtige toestande (pasop vir gee aan kinders, dis alkohol!)

- Vars ryp vrugte vervris die asem en smaak/ruik na drop of soethout (liquorice, Lakritze).

- Vars ryp vrugte help teen hartsiektes, lewer- en/of ooginfeksies.

By Tswana- en Sothomense vorm die swart bessies 'n belangerike deel van die reënbid- en -dans-ritueel; die swart vruggies simboliseer donderweerwolke.

Dit maak ook 'n goeie kleursel: blou (lig en donker, afhangende van die hoeveelheid kleursel en oplosmiddel)) van ryp vrugte, blare en groen bessies vir groen.

groen bessies is GIFTIG

Groen bessies is wel giftig as dit ingeneem word, maar kan gekneus uitwendig op ring- en sandwurm aangewend word, (en dis baie meer sinvol as om uit te brand, soos dit in my kleintyd gedoen is).

Afsluitend wil ek Margaret Roberts aanhaal:
"Nastergal is an easy and rewarding plant to grow in the garden and gives so much for so little.....It is one of nature's most remarkable medicine chests and we should grow it far more than we do."

Inligtingsbronne:
Indigenous Healing Plants (Margaret Roberts)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)
Probleemplante en Indringeronkruide van Suid-Afrika (Clive Bromilow)
People's Plants (Ben-Erik van Wyk en Nigel Gericke)
Teks en fotos: Anka Eichhoff

November 2016